

KOMMUNIKAMMA 16 MEI 2021



Kontakpersone, indien u meer inligting nodig het oor een van die sake wat hier verskyn:

U blokouderling of -diaken

Niekie Oosthuizen: 082 561 8747; 041 360 1484; kerkkantoor@ngkraggakamma.co.za

Ds MG van Rooyen: 041-3600665; 083 413 7100; mgvanrooyen@telkomsa.net

TEKS vir die WEEK:

Jesaja 55: 8 & 9.

“My gedagtes is anders as julle s’n, en julle paaie is nie my paaie nie,” sê die Here. “Want soos die hemel hoër is as die aarde, so is wat Ek doen, hoër as wat julle doen en my gedagtes hoër as julle gedagtes.”

SAKE vir GEBED:

- Ons dank die Here vir die lieflike reën wat Hy vir ons gegee het. Maar ons bly laag op ons knieë en smek vir nog reën sodat ons damme weer vol kan word en hierdie groot droogte gebreek kan word.
- Ons bly bid vir Die Here se leiding ivm die beroepingsproses. Bid vir elkeen wat op pre-advies kommissie dien en die kerkraad wat Donderdag beroep die Here se stem duidelik sal hoor.
- Dra die mense wat in nood verkeer aan die Here op. Na die reën sukkel baie mense met skade aan huise en besittings.
- Bid vir die onrus en bendegegeweld wat weer in Kleinskool uitgebreek het en die mense elke dag in vrees laat lewe.
- Ons dra in besonder ons leiers aan die Here op en ons dank God dat daar ‘n deurbraak na geregtigheid blyk te wees. Dink aan ons president, burgemeester, premier van die Ooskaap wat almal voortgaan met verbeterings en ‘n goeie voorbeeld stel.
- Ons bly bid vir Josh wat Dinsdag geopereer is. Dit was ‘n baie groot operasie. Ons glo dat Hy volkome sal herstel.
- Judie Boshoff wat ‘n heupprosedure in die hospitaal moes ondergaan.
- Rinus van Heerden wat môre ‘n heupvervanging kry.
- Jan Strydom het ook nog gesondheidsprobleme.
- Willie Möller sterk tuis aan en ons bid vir volkome herstel.
- Yvonne Smit sukkel met haar gesondheid.
- Innige simpatie aan Yvonne Nell en kinders met die heengaan van Dawid (Boet) Nell.
- Bid asseblief vir Gerrit en Janine Coetzee met die besluite en al die logistieke ivm hul toekomsplanne. Ons vra dat God hul in besonder naby sal wees en die pad vir hul reguit sal maak.
- Ons vra die Here se seën op ons Pinksterdienste en dat die Heilige Gees kragtig in en deur ons gemeente sal werk. Ons glo dat baie mense dit sal bywoon.
- Ds Du Toit Wessels sal môre by altwee dienste die boodskap bring.

There4-bedieninge se gebedsversoek vir die week:

Bid saam dat Christene in **Egipte** met selfvertroue en wysheid Christus se lig helder sal laat skyn in hulle gemeenskappe.

EREDIENSTE IN DIE KERKGEBOU

Die hou van eredienste is onderhewig aan al die Covid regulasies. Maskers moet gedra en ‘n veilige afstand gehandhaaf word. Vir jou koors wat gemeet sal word en vir die saniteer van hande, het ons alles in plek. Daar mag nou 250 persone per erediens in die kerkgebou wees.

Indien jy ‘n erediens wil bywoon, kan jy die volgende skakel gebruik om die aanlyn vorm te voltooi.

<https://forms.gle/p7mpVSBnHeYdRYuZ8>. Ons versoek dat jy die vorm voor Vrydag 12:00 sal voltooi.

Jou bespreking verseker jou van ‘n plek in die eredienste.

Ons versoek hoë risiko persone om nie die dienste in die kerkgebou by te woon nie. Indien jy enige griepsimptome toon, bly asb ter wille van jou eie en ander se veiligheid by die huis.

Digitale dienste het gekom om te bly en sal, soos altyd, beskikbaar gestel word.

PROGRAM VIR DIE WEEK:

Sondag 16 Mei

08:30 Eietydse Diens

Ons sit nie met verslete klere op 'n skewe stoeletjie onder 'n verblykte sonsambreel nie. (Rom 8:1-17)

https://youtu.be/_X_kWpgnBE Skakel gerus op Youtube kanaal in as jy die lewendige uitsendings wil volg. Die video sal gestoor word op Youtube, sodat jy ook op jou eie tyd daarna kan gaan kyk.

Die huisgeloof, 'n gesprek riglyn rondom die tema van die erediens, is op die gemeente se webwerf beskikbaar.

10:00 – Klassieke Diens

Deurdankoffer by die erediens gaan vir die Christelike Polisievereniging.

10:00 – Kategese

Kategese by die kerkgebou vir graad 7 - 11. Covid protokol is in plek en ons sal alles in ons vermoë doen om die jongmense veilig te hou. Graad 1 - 6 kategese vind by ouerhuise plaas.

18:30 – Pinksterdiens

'n Takkie sal uitspruit (Die Gees vertroos en genees) – Ds MG van Rooyen (Jes 11:1-10)

Volg die skakel vir die lewendige uitsending van die diens https://youtu.be/_X_kWpgnBE

Die deurdankoffers tydens die Pinksterweek gaan vir Bybelgenootskap.

Maandag 17 Mei

09:00 en 18:30 – Pinksterdiens

Hoekom is die Gees gestuur? – Ds Du Toit Wessels (Joh 14:15-17)

Volg die skakel vir die lewendige uitsending van die 18:30 diens <https://youtu.be/kqbrG9GaOHQ>

12:45 GEMEENTEBIDUUR

Ons hou Maandae 'n gebedsgeleentheid in die konsistorie, maar ook via Zoom. Almal is welkom. Kontak Niekie indien jy wil saam bid of 'n gebedsversoek het.

Dinsdag 18 Mei

09:00 en 18:30 – Pinksterdiens

Die Gees help ons om te glo. – Ds Heinrich Carstens (Luk 24:13-53)

Volg die skakel vir die lewendige uitsending van die 18:30 diens https://youtu.be/FrU_QBjn5o0

Voedselhulp aan PE-Noord

Ons help weekliks ongeveer 30 gesinne met kospakkies en ander benodighede. Dankie vir elkeen se ondersteuning.

Behalwe vir die skenkings van kos en klere ontvang, is reeds R 197 269 gebruik om kos aan te koop.

Kontant donasies kan in ons kerk se bankrekening gemaak word. Merk dit asb. duidelik vir PE Noord.

Skenkings kan hierdie week op Dinsdag by Willie en Gaynor Swanepoel (Abeliasingel 23) afgelaai word. U kan meer inligting op ons webblad kry of vir Sonja Spies (084 516 4925) kontak.

Woensdag 19 Mei

KERKKANTOOR

Die kerkkantoor sal elke Woensdag van 08:00 tot 12:00 oop wees. Maak 'n afspraak by Niekie indien jy kerkkantoor toe wil kom. **Geen persoon sal sonder 'n masker toegelaat word nie.** Volg asb die regulasies.

09:00 en 18:30 – Pinksterdiens

Die Gees sal ons in die hele waarheid lei. – Ds Gerhard Loubser. (Joh 16:12-15)

Volg die skakel vir die lewendige uitsending van die 18:30 diens <https://youtu.be/IXiuocoU4UA>

Donderdag 20 Mei

19:00 Kerkraad beroepingsvergadering

Vrydag 21 Mei

05:00 MANNEGROEP

Die mannegroepbyeenkoms vergader by Piet Spies. (Cassialaan 82) Indien jy wil deel word, kontak vir Frans vir meer besonderhede by sel: 082 773 6205.

Sondag 23 Mei - Pinksterfees

08:30 en 10:00

Baie geluk - Jy is 'n erfgenaam van oorvloed! (Rom 8:18-30) – Ds MG van Rooyen

10:00 – Kategese

Kategese by die kerkgebou vir graad 1 - 6. Covid protokol is in plek en ons sal alles in ons vermoë doen om die jongmense veilig te hou. Graad 7 - 11 kategese vind by ouerhuise plaas.

Die pad vorentoe.

Kandidate is verminder na die volgende 3 aansoekers (in alfabetiese volgorde): Nicola Alberts, Elsché Eygelaar en Du Toit Wessels. Ons nooi 2 van die kandidate vir preekbeurte. Elsché Eygelaar het verlede Sondag gepreek en Toit Wessels preek Maandag, 17 Mei, tydens die oggend- en aanddiens van die Pinksterdienste. Daarna sal die kerkraad op 'n vergadering op 20 Mei die beroep uitbring. Ons vra dat julle as gemeente saam met die Pre-Advies en kerkraad sal bly bid vir die proses.

KERMIS

Ons is reeds besig met die beplanning van die Kermis wat op 16 Junie gaan plaasvind. Ons sal versker dat alle Covid-19 protokolle in plek is, om dit vir almal veilig te maak om deel te wees van die dag. Op die spyskaart is al ons gunsteling, soos bv Kerrie en Rys, Pannekoek, Spitkoeke, Hamburgers en vele meer. En om seker te maak dat jy wel iets van alles kan eet, kan jy eers die 5km Prettraf doen om so 'n paar kalorië te verbrand.

Ons soek konvenors vir die volgende stalletjies:

Brekkie Buns

Vetkoeke

Gebak

Indien jy kans sien om hiermee te help, kontak asb vir Frans Stapelberg (082 773 6205) of Niekie Oosthuizen vir meer inligting.

BOURESERWEFONDS

Ons geboue is ook 'n getuigenis dat ons God se fontein van liefde is. Die kerk kompleks benodig groot opknappingswerk soos bv verf, facia's, oorhange, geute ens. Die totaal van die herstelwerk- en opknappingswerk beloop na raming baie naby aan 'n miljoen rand. Die werk sal oor 'n tydperk aangepak word soos fondse beskikbaar raak.

Baie dankie vir die baie groot anonieme bydraes wat ons ontvang het. Verbeterings aan die Gazaniastraat pastorie word reeds gedoen.

Ons weet dit is moeilike tye vir baie van ons, maar as die Here vir jou geseën het, oorweeg dit asb biddend of jy nie kan help om weer die fonds te versterk nie. Oorweeg dit asb ook om in jou erfating 'n paar rand aan die fonds na te laat.

VERJAARSDAE

Ons wens die volgende lidmate geluk met hulle verjaarsdae:

- | | |
|--------|--|
| 16 Mei | Maria Latsky, Chanté Minnie, Willie Swanepoel en Nico van den Berg. |
| 17 Mei | Lehan Barnard, Ester Strydom, Zoe Swanepoel en John van Huyssteen |
| 18 Mei | Ruan Botha |
| 19 Mei | Liz Bernhardt, Ena Grobler, Johan Knoetze, Jeandre Nortjé, Anita Theron, Marguerite Vermeulen en Louis von Wielligh |
| 20 Mei | Levi Greyvenstein, Gert Harmse, Heinrich Jonker, Anlene Pretorius, Suné Smit en Elna Thiart |
| 21 Mei | Carien Blom, Rudi Burger, Leon de Jager, Estienne Postma, Alecia van der Westhuizen, Didi Venter en Nicole Westraadt |
| 22 Mei | Handré Janse van Rensburg en Brendon Slabbert |



DANKOFFER

Die tweede maand van ons nuwe finansiële jaar is verby en ons kon ons finansiële verantwoordelikhede, met 'n klein tekort, nakom. Baie dankie vir elkeen se dankbaarheidsbydrae. Ons versoek u om steeds die Here met u finansiële offer van dankbaarheid te bly dien. Die dankoffers kan direk in die kerk se bankrekening of deur middel van Snapscan betaal word.

Die kerk se bankbesonderhede is:

NG Kraggakamma

Absa Tjekrek 1400590091

Takkode 632005



KLEUTERSKOOL BIBLIOTEEKPROJEK

Ons ondersteun Ds Derick Meyburgh wat oa betrokke is by vyftig kleuterskole in die distrikte van Cala en Elliot in die landelike Oos-Kaap. Hy wil graag 'n leeshoekie by elke kleuterskool beskikbaar stel. 300 boekies is reeds aangekoop met donasies wat ontvang is. Vir elkeen van die 50 kleuterskole om tien boeke te kan kry, benodig hul nog 200 boekies om mee te begin. Indien u engelse kleuterboekies het, kan u dit ook skenk vir hierdie projek.

Daar is nou 'n NGO wat isiXhosa boekies beskikbaar stel vir R10.00 per boekie. As u 'n bydrae tot die projek wil maak, betaal dit oor in die kerk se rekening en dui asb aan dat dit vir die Kleuterskool Biblioteekprojek is.